# AANBOD OM TE KOOP

**1. PARTYE**

1.1 KOPER(S)

_____

(die "Koper")

Adres:

_____

1.2 VERKOPER(S):_____

(die “Verkoper”)

Adres:

_____

**2. INTERPRETASIE**

In hierdie ooreenkoms het die volgende woorde die betekenis soos hieronder aangedui:

2.1 **“die Eiendom”:**

Erf No _____ Dorpsgebied _____

Straatadres: _____

**3. KOOP EN VERKOOP**

Die Eiendom word hiermee gekoop en verkoop onderhewig aan die bepalings en voorwaardes hierin uiteengesit.

**4. KOOPPRYS EN WAARBORGE**

4.1 Die koopprys van R_____(in woorde:_____ _____RAND) is soos volg betaalbaar:

4.1.1 onmiddelik nadat die Verkoper hierdie aanbod aanvaar het, sal die Koper 'n deposito van R_____ (in woorde: _____Rand) in trust aan **ESI PROKUREURS** betaal, wat dit in 'n rentedraende trustrekening sal belê. Die rente wat op hierdie bedrag verdien word, sal die Koper toeval;

4.1.2 die balans van die koopprys moet aan **ESI PROKUREURS** betaal word teen registrasie van oordrag van die Eiendom in die naam van die Koper.

4.2 Indien so versoek deur **ESI PROKUREURS**, sal die Koper binne 14 (veertien) dae na die vervulling (of afstanddoening) van alle opskortende voorwaardes 'n waarborg vir die balans Koopprys, uitgereik deur 'n Bank of ander finansiële instelling, tot bevrediging van **ESI PROKUREURS**, aan laasgenoemde lewer.

4.3 Die volgende "Toebehore en Aanhegtings" is by die koop ingesluit:

_____

_____

_____

_____

4.4 Dit word op rekord geplaas dat die Verkoper **nie** ‘n ondernemer vir doeleindes van hierdie transaksie is **nie** en dat geen BTW op die koopprys betaalbaar is nie / dat BTW by die koopsom **ingesluit** is.

## 5. GEBREKE

5.1 Die Eiendom word *voetstoots* verkoop en die Verkoper gee geen onderneming hoegenaamd wat die toestand van die Eiendom betref nie. Die Verkoper is dus geensins vir gebreke in die Eiendom, of skade wat die koper as gevolg van sodanige gebreke mag ly, aanspreeklik nie.

5.2 Die Verkoper is nie verplig om die grensbakens van die Eiendom aan die Koper uit te wys nie. Geen party sal ‘n eis teen die ander hê indien sodanige bakens verwyder of verkeerd geplaas is nie.

## 6. REGISTRASIE VAN OORDRAG

6.1 Oordrag sal geskied op _____ of so na as moontlik aan hierdie datum.

6.2 Die Koper is verantwoordelik vir betaling van alle transport- en verbandkoste (indien ‘n verband benodig word), insluitende ‘n pro rata gedeelte van die jaarlikse belasting, diensgelde en heffings wat aan die plaaslike owerheid betaalbaar is. Hierdie kostes en uitgawes sal op aanvraag aan **ESI PROKUREURS** betaalbaar wees.

6.3 Die partye sal onmiddellik op versoek van **ESI PROKUREURS** alle dokumente onderteken en handelinge verrig wat benodig mag word vir doeleindes van registrasie van oordrag en van die verband (indien van toepassing).

## 7. OKKUPASIE EN OKKUPASIERENTE

7.1 Vakante okkupasie van die Eiendom sal aan die Koper gegee en deur hom/haar geneem word op _____

**OF***

Die eiendom word tans verhuur en okkupasie kan slegs aan die Koper gegee en deur hom/haar geneem word onderhewig aan die huurder se regte ingevolge ‘n bestaande huurkontrak wat hierby aangeheg word.

7.2 Indien die Koper voor die oordragdatum okkupasie van die eiendom verkry, sal die party wat die eiendom okkupeer terwyl dit in die ander party se naam geregistreer is, okkupasiehuur aan die geregistreerde eienaar betaal ten bedrae van R _____ (in woorde: _____ Rand) per maand, maandeliks vooruitbetaalbaar. Die Koper sal dan ook vanaf die datum van okkupasie verantwoordelik wees vir die water, munisipale dienste en elektrisiteitsonkostes.

7.3 Indien die Koper okkupasie van die Eiendom neem voor registrasie van oordrag, mag die Koper geen veranderings of toevoegings ten opsigte van die Eiendom aanbring tot die datum van registrasie nie. Indien hierdie ooreenkoms gekanselleer word of verval, moet die Koper onmiddellik die Eiendom ontruim en dit aan die Verkoper oorhandig in dieselfde toestand as wat dit was toe die Koper okkupasie geneem het. Die Koper sal geen eis teen die Verkoper hê vir enige veranderings of toevoegings wat die Koper ten opsigte van die Eiendom aangebring het nie, en geen huurkontrak of retensiereg sal daardeur ontstaan het nie.

## 8. RISIKO, BELASTINGS EN HUURINKOMSTE

Die risiko ten opsigte van die Eiendom gaan op die datum van registrasie van oordrag op die Koper oor.

Vanaf sodanige datum is die Koper geregtig op die huurgeld (indien enige) wat ten opsigte van die Eiendom betaalbaar is, en aanvaar hy/sy aanspreeklikheid vir alle belastings en ander heffings wat ten opsigte van die Eiendom betaalbaar is. Die Verkoper moet onverwyld alle huurgeld wat ten opsigte van ‘n tydperk na gemelde datum ontvang is, aan die Koper oorbetaal, en die Koper moet onverwyld alle belastings, diensgelde en heffings wat die Verkoper ten opsigte van ‘n tydperk na gemelde datum betaal het, aan die Verkoper terugbetaal.

## 9. KONTRAKBREUK

9.1 Indien enige van die partye (“*die party in versuim*”) enige bepaling van hierdie ooreenkoms verbreek en versuim om sodanige breuk reg te stel binne 7 (sewe) dae na die versending van ‘n skriftelike aanmaning deur die ander party (“*die veronregte party*”), sal laasgenoemde, sonder om afbreuk te doen aan enige ander regsmiddele:

- óf spesifieke nakoming eis; óf
- hierdie ooreenkoms onmiddellik sonder verdere kennisgewing kanselleer en skadevergoeding van die party in versuim eis.

9.2 Indien die party in versuim -

9.2.1 die **Koper** is, mag die Aktebesorger by kansellasie van hierdie ooreenkoms onmiddellik die kommissie vanuit die deposito wat ingevolge klousule 4.1. betaal is, ontvang, en word die balans (indien enige) van sodanige bedrag, rente ingesluit, aan die Verkoper betaal;

9.2.2 die **Verkoper** is, moet die Aktebesorger (na gelang van die geval) onmiddelik na kansellasie van hierdie ooreenkoms die deposito, plus rente wat daarop verdien is, aan die Koper terugbetaal.

9.3 Betaling ooreenkomstig klousule 9.2 sal onmiddellik by kansellasie van hierdie ooreenkoms geskied en geen party sal enige eis teen die Aktebesorger hê as gevolg van die bepaling van skuld of uitbetalings wat hierkragtens gemaak is nie.

**10. ADRESSE VIR REGSDOKUMENTE EN KENNISGEWINGS**

10.1 Alle kennisgewings en prosesstukke wat met hierdie ooreenkoms verband hou, mag gestuur word aan enige van die fisiese, pos- of e-posadresse of die faksnommers waarna verwys word in die Inligtingsblad wat hierby aangeheg is, (welke adres ek / ons domicilium citandi et executandi vir alle doeleindes hieronder verkies).

**Koper**:

_____

_____

**Faks Nommer**: _____

**E-Pos:** _____

**Pos Adres**: _____

**Verkoper:**

_____

_____

**Faks Nommer**: _____

**E-Pos:** _____

10.2 Enige kennisgewing sal geag word deur die ander party ontvang te gewees het –

10.2.1 indien per faks of e-pos versend of per hand afgelewer, op die datum van sodanige versending of persoonlike aflewering;

10.2.2 indien per geregistreerde pos versend, op die vierde dag nadat dit gepos is.

## 11. HOEDANIGHEID VAN PARTYE

11.1 Indien ‘n persoon hierdie ooreenkoms in ‘n verteenwoordigende hoedanigheid teken, sal die ondertekenaar hom/haarself persoonlik verbind as borg en mede-hoofskuldenaar, gesamentlik en afsonderlik, vir die behoorlike nakoming van alle verpligtinge teenoor die ander party tot hierdie ooreenkoms.

11.2 Die partye waarborg dat hulle persoonlike gegewens soos op die Inligtingsblad ingevul, in alle opsigte korrek is; dat alle nodige toestemmings ingevolge die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984 verkry is en dat hulle die magtiging het om hierdie ooreenkoms te sluit.

## 12. ALGEMEEN

12.1 Hierdie ooreenkoms is die volledige ooreenkoms tussen die partye en geen waarborge, voorstellings of ander bepalings en voorwaardes wat nie hierin vervat is nie, sal die partye bind nie.

12.2 Geen wysiging van hierdie ooreenkoms sal enige regskrag hê nie tensy dit op skrif gestel en deur alle partye of hul gevolmagtigdes ondeteken is.

12.3 Die partye verleen hiermee magtiging dat die Agent ‘n “Verkoop” bord op die Eiendom mag vertoon, om verwyder te word dertig (30) dae na registrasie van oordrag.

12.4 Vir doeleindes van hierdie ooreenkoms sal “dae” bereken word deur te verwys na kalender dae, met uitsluiting van die eerste en insluiting van die laaste dag.

12.5 Die partye stem toe tot die jurisdiksie van die Landdroshof oor enige geskil wat moontlik hieruit mag voortspruit, sonder om afbreuk te doen aan die veronregte party se reg om enige Hoër Hof te nader.

**13. AGENTEKOMMISSIE**

13.1 Kommissie bereken teen ‘n koers van _____ % die koopprys **plus BTW**, of R_____(in woorde: _____ Rand) (**plus BTW**) sal deur die Verkoper aan _____(Agent Agentskap) betaalbaar wees.

13.2 Die kommissie word verdien by ondertekening van hierdie ooreenkoms deur sowel die Koper asook die Verkoper en die vervulling (of afstanddoening) van alle opskortende voorwaardes wat hierin vervat is.

13.3 Die kommissie sal op datum van registrasie van oordrag afgetrek word van die deposito wat ingevolge klousule 4.1.1 betaal is en van die balans van die koopprys (indien die deposito onvoldoende is), en die partye gee hiermee onherroeplik opdrag aan die Aktebesorger om die kommissie op datum van oordrag te betaal, of ooreenkomstig die bepalings van klousule 9.2 indien van toepassing.

13.4 Nieteenstaande enigiets tot die teendeel in hierdie ooreenkoms vervat, indien die ooreenkoms te enige tyd gekanselleer word: -

13.4.1 as gevolg van kontrakbreuk deur die Koper of die Verkoper, sal die Agent onmiddellik geregtig (maar nie verplig) wees om die kommissie te verhaal van die party wat kontrakbreuk gepleeg het;

13.4.2 by ooreenkoms tussen die Koper en die Verkoper, sal die Koper en Verkoper onmiddellik gesamentlik en afsonderlik teenoor die Agent aanspreeklik wees vir betaling van die kommissie. Die party wat betaling maak kan die helfte van die bedrag aldus betaal van die ander party verhaal.

13.5 Die Koper waarborg teenoor die Verkoper dat hy/sy nie deur enige ander persoon as die Agent aan die eiendom voorgestel is nie, en albei partye bevestig dat die Agent die effektiewe oorsaak van die koop was.

13.6 Deur hierdie ooreenkoms te onderteken aanvaar die Agent alle voordele wat daaruit voortspruit.

## 14. OPSKORTENDE VOORWAARDES

### 14.1 Goedkeuring van verband

Hierdie ooreenkoms is onderhewig aan die opskortende voorwaarde dat die Koper teen nie later nie as_____ goedkeuring ontvang vir ‘n lening deur ‘n Bank vir ten minste R _____ (in woorde: _____ Rand), of sodanige mindere bedrag as wat die Koper mag aanvaar, welke lening verseker sal word deur die registrasie van ‘n eerste verband oor die Eiendom, teen ‘n rentekoers en op sodanige voorwaardes as wat die betrokke Bank wat die lening toestaan mag bepaal. Hierdie voorwaarde sal geag word vervul te wees op die datum wat die Koper 'n kwotasie en/of voorafgaande ooreenkoms staat ("pre-agreement statement") vanaf enige finansiële instelling bekom in terme waarvan sodanige finansiële instelling 'n lening aan die Koper aanbied vir 'n bedrag wat nie minder is nie as die bedrag hierbo na verwys. Die Koper magtig die Agent hiermee om sodanige verband-aansoek namens hom/haar te doen.

### 14.2 Verkoop van eiendom

14.2.1 Die Koper is huidiglik die eienaar van 'n eiendom geleë te (adres):

_____

_____

*("die Tweede Eiendom"*) wat alreeds verkoop is of nog verkoop moet word.

Hierdie ooreenkoms is dus verder onderhewig aan die suksesvolle

verkoop **en oordrag** van die Tweede Eiendom voor of op _____, by gebreke waarvan hierdie ooreenkoms sal verval.

14.2.2 Totdat die voorwaarde vervat in 14.2.1 vervul is, mag die Verkoper voortgaan met die bemarking van die Eiendom. Sou die Verkoper voor vervulling van gemelde voorwaarde 'n verdere skriftelike *onvoorwaardelike* aanbod om die Eiendom te koop, ontvang, sal die volgende geld:-

14.2.3 'n afskrif van die nuwe aanbod moet per faks of e-pos aan die Koper versend word, of per hand afgelewer word, waarna die Koper 72 uur sal hê vanaf tyd van sodanige elektroniese versending of hand-aflewering om van alle bepalings van klousule 14.2. afstand te doen.

14.2.4 indien die Koper nie aan voormelde vereiste voldoen nie, kan die Verkoper sonder verdere kennisgewing sodanige verdere aanbod aanvaar, waarna hierdie ooreenkoms tussen die Verkoper en Koper onmiddellik sal verval.

14.3 Die Koper mag te enige tyd voor vervulling van enige opskortende voorwaarde in hierdie ooreenkoms vervat, die Verkoper skriftelik in kennis stel dat hy/sy van sodanige voorwaarde afstand doen, waarna hierdie ooreenkoms nie langer aan sodanige voorwaarde onderworpe sal wees nie.

14.4 Indien enige opskortende voorwaarde in hierdie ooreenkoms vervat nie binne die ooreengekome tydperk vevul word nie verval hierdie ooreenkoms outomaties in geheel en moet restitusie plaasvind.

## 15. KEWERSERTIFIKAAT

Die Verkoper sal voor registrasie van oordrag reël dat alle toeganklike dele van die Eiendom op die Verkoper se onkoste ondersoek word vir houtvernietigende kewers deur 'n inspekteur wat by die Suid-Afrikaanse Plaagbeheervereniging geregistreer is. Indien besmetting gevind word, sal die voorstelle in die inspekteur se verslag ten volle en op die algehele koste van die Vekoper uitgevoer word. Na uitreiking van 'n Klaringsertifikaat deur die inspekteur wat aantoon dat sy voorstelle uitgevoer is, sal die Koper geen eise teen die Verkoper hê met betrekking tot besmetting nie.

## 16. SERTIFIKAAT VAN NAKOMING: ELEKTRISITEIT

Voor registrasie van oordrag sal die Verkoper op die Verkoper se onkoste reël dat die elektriese installasie van die Eiendom deur ‘n gekwalifiseerde elektrisiën geïnspekteer word, en enige foute wat gevind word, herstel word, en die Koper van ‘n Sertifikaat van Nakoming ingevolge die Regulasies van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (Wet 85 van 1993) voorsien. Die Verkoper onderneem om na lewering van sodanige sertifikaat geen veranderinge ten opsigte van die elektriese installasie in die eiendom aan te bring nie.

## 17. GAS TOEBEHORE SERTIFIKAAT

Die Verkoper ondeneem om teen sy eie onkoste, en voor registrasie van oordrag, ‘n Sertifikaat van Nakoming te bekom van ‘n bevoegde persoon soos voorgeskryf in die 2009 Regulasies tot die BeroepsGesondheid en Veiligheidswet 85 van 1993 met betrekking tot Hoë Druk Toestelle, waarin sertifiseer word dat die gas installasie op die eiendom voldoen aan die bepalings van hierdie regulasies.

Die Verkoper onderneem om geen wysigings of aanpassing van enige aard aan die gas installasie te maak nie nadat die sertifikaat uitgereik is, maar uitsluitend enige werk wat die bevoegde persoon ten opsigte van die gas installasie mag doen en wat nodig is om die gas installasie te laat voldoen aan die bepalings van die Regulasies, sodat ‘n Sertifikaat van Nakoming uitgereik kan word.

## 18. PYPLEIDING SERTIFIKAAT

Die Verkoper sal, op sy eie onkoste, ‘n Sertifikaat van Nakoming in terme van die Stad Kaapstad munisipaliteit se Water proklamasie van 2010 bekom van ‘n bevoegde persoon en sal hierdie sertifikaat aan die Koper voorsien voor registrasie van oordrag. Die sertifikaat moet sertifiseer dat (a) die water installasie op die eiendom ooreenstem met nasionale bouregulasies en die Stad Kaapstad munisipaliteit se Water proklamasie, 2010; (b) dat daar nie defekte is wat kan veroorsaak dat die water vermors word nie; (c) dat die watermeter korrek werk; en (d) dat daar nie stormwater na die rioolpype vloei nie.

## 19. ELEKTRIESE BEDRADINGS SERTIFIKAAT

***(Skrap indien nie van toepassing nie)***

In die geval waar die eiendom deur 'n elektriese veiligheids bedradings stelsel omring word en deel vorm van die eiendom van die Verkoper, sal die Verkoper ondeneem om teen sy eie onkoste, en voor registrasie van oordrag, ‘n Sertifikaat van Nakoming te bekom van ‘n bevoegde persoon soos voorgeskryf in Regulasie 12 van Elektriese Toestelle tot die BeroepsGesondheid en Veiligheidswet 85 van 1993.

## 20. WET OP NASIONALE OMGEWINGSBESTUUR

Die verkoper bevestig hiermee dat tot sy beste kennis en wete daar geen genoteerde Indringerspesies (soos genoem in terme van die Regulasies van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Biodiversiteit Wet 10 van 2004) op die eiendom voorkom nie. Die verkoper plaas egter op rekord dat hy nie die nodige kennis of kwalifikasie besit om die genoteerde indringerspesies te identitifiseer nie. Die Koper aanvaar en vereenselwig hom met die inherente risiko in die aankoop van die eiendom waarop sodanige genoteerde Indringerspesies dalk mag voorkom aldan nie.

## 21. ONDERTEKENING

21.1 Indien die Koper hierdie ooreenkoms eerste onderteken, sal hy/sy ‘n aanbod maak om die Eiendom te koop op die voorwaardes en bepalings soos hierin uiteengesit. Sodanige aanbod kan nie teruggetrek word voor _____ (tyd) op _____ (datum) nie, en kan enige tyd voor die vervaldatum deur die Verkoper aanvaar word.

21.2 Hierdie ooreenkoms sal bindend wees sodra dit deur sowel die Verkoper asook die koper onderteken is, al het die Vekoper nog nie die Koper van sodanige aanvaarding verwittig nie.

21.3 Hierdie ooreenkoms sal geag word gesluit te gewees het op die plek waar dit deur die Verkoper onderteken is.

## 22. KOPER SE AFKOELREG

Hierdie klousule sal slegs van toepassing wees indien die koopprys R250 000,00 of minder is, ooreenkomstig klousule 29A van die Wet op Vervreemding van Grond.

Nieteenstaande enigiets tot die teendeel in hierdie ooreenkoms vervat, sal die Koper geregtig wees om sy/haar aanbod te herroep of hierdie ooreenkoms te beëindig binne ‘n tydperk van 5 (vyf) werksdae (Saterdae, Sondae en openbare vakansiedae uitgesluit) vanaf die eerste dag na die datum van hierdie aanbod deur skriftelik kennis te gee aan die Verkoper of sy agent voor middernag op _____ (datum).

Sodanige kennisgewing sal geen regskrag hê nie tensy dit

( i) deur die Koper of sy/haar skriftelik gemagtigde agent gegee is;

( ii) na hierdie aanbod of ooreenkoms verwys; en

(iii) onvoorwaardelik is.

## 23. VERKLARING IN TERME VAN SAID

As gevolg van die risiko analise wat op beide die oordragnemer en oordraggewer deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) gedoen word op alle eiendomstransaksies, waarborg beide die Koper en die Verkoper teenoor mekaar en teenoor die Agent dat alle belastingaangeleenthede (persoonlik en andersins) insluitend maar nie beperk nie tot belastingopgawes en –betalings lopend en op datum is. Die party wat nie die voorafgaande nakom nie, sal aanspreeklik wees vir alle koste opgeloop en skade gelei as gevolg van die nie-nakoming van die waarborg.

Die benadeelde party sal ook geregtig wees om hom/haar op terme te plaas en daarna die ooreenkoms te kanselleer indien die waarborg nie nagekom is nie. Hierdie remedie is aanvullend tot al die regte wat die partye het ingevolge hierdie ooreenkoms en die gemenereg.

**24. BUITELANDER STATUS**

a) Die Verkoper waarborg hiermee dat hy/sy 'n inwoner van die Republiek van Suid-Afrika is;

b) Die Verkoper is 'n nie-inwoner van die Republiek van Suid-Afrika. Gevolglik magtig die Verkoper hiermee onherroeplik en gee opdrag aan die aktebesorgers om die toepaslike terughoudingsbelasting van die koopprys af te trek namens die Koper indien die koopprys R2 000 000.00 of meer is en dit oor te betaal aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) binne 14 (veertien) dae na registrasie van oordrag van die eiendom in die naam van die Koper.

c) Tans is die bedrag wat weerhou moet word (soos bereken op die koopprys en betaalbaar aan SAID) as volg- **7.5%** waar die verkoper 'n **natuurlike persoon** is, **10%** waar die verkoper 'n **maatskappy** en **15%** waar die verkoper 'n **trust** is.

***(* Skrap (a) of (b) soos van toepassing)"***

**25. KOSTEKLOUSULE**

25.1 Die koper sal op aanvraag alle kostes van en insidenteel aan die registrasie van die oordrag van die Eiendom in die naam van die Koper, ingeslote hereregte en seëlregte, betaal aan die Oordragprokureurs.

25.2 Beide die Verkoper en die Koper onderneem om onmiddelik nadat hulle so versoek is, al die nodige dokumente wat onderteken moet word vir die oordrag van die Eiendom, die kansellasie van alle verbande huidiglik geregistreer oor die Eiendom, en die registrasie van enige nuwe verbande ingevolge hierdie ooreenkoms te onderteken.

**26. SKEIBAARHEID**

Indien enige bepaling van hierdie ooreenkoms bevind word ongeldig of onafdwingbaar te wees, sal sodanige bepaling geag skeibaar te wees van die res van die ooreenkoms en sal die geldigheid en afdwingbaarheid van al die ander bepalings van hierdie ooreenkoms nie daardeur geaffekteer word nie.

**27. MUNISIPALE REKENINGE**

Die Verkoper bevestig en waarborg hiermee dat hy alle bedrae verskuldig en/of betaalbaar aan die betrokke munisipale owerheid, wat ontstaan het voor registrasie, sal vereffen.

Die Aktevervaardiger wat toesien tot oordrag van die eiendom sal skriftelik aan die Koper sertifiseer dat betaling gemaak is aan die betrokke munisipale owerheid voor registrasie in sy naam.

Indien die Verkoper, vir welke rede ookal, versuim om alle uitstaande kostes verskuldig aan die betrokke munisipale owerheid te betaal voor registrasie, vrywaar hy die Koper vir enige aanspreeklikheid wat hy kan opdoen vanweë sy versuim om sy verpligtinge na te kom.

**28. SPESIALE VOORWAARDES**

_____

_____

_____

_____

**29. VERSTRYKING**

Die Verkoper moet hierdie aanbod voor twaalfuur middernag op _____ (datum) aanvaar. Die aanbod is tot dan onherroeplik. Die Koper stel _____aan as sy agent om kennisgewing van aanvaarding van hierdie aanbod te ontvang en te aanvaar.

**ONDERTEKEN DEUR DIE PARTYE OP DIE DAG, DATUM EN PLEK HIERONDER AANGEDUI:**

GETEKEN te _____ op _____

1. **Getuie** _____ _____

**Handtekening van Verkoper**

2. **Getuie** _____ _____

**Handtekening van Verkoper**

GETEKEN te _____ op _____

1. **Getuie** _____ _____

**Handtekening van Koper**

2. **Getuie** _____ _____

**Handtekening van Koper**

| Verkoper se Inligting | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Volle Name** | | | | |
| **ID Nommers** | | | | |
| **Werk Telefoon Nommers** | | | | |
| **Selfoon Nommers** | | | | |
| **Adres** | | | | |
| **Belasting Nommers** | | | | |
| **Huwelik Status** | Getroud Binne | Getroud Buite | Ongetroud | Getroud Muslim Regte |
| **Bestaande Verband Rekening Nommer** | | | | |

| Koper se Inligting | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Volle Name** | | | | |
| **ID Nommers** | | | | |
| **Werk Telefoon Nommers** | | | | |
| **Selfoon Nommers** | | | | |
| **Adres** | | | | |
| **Belasting Nommers** | | | | |
| **Huwelik Status** | Getroud Binne | Getroud Buite | Ongetroud | Getroud Muslim Regte |